**Vrydag 15 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-26 (1933/53-vertaling)**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:16, 17**

## Kinders van God selfs deur die grense van die dood (1)

Is my geloof nutteloos? Ons probeer so hard om nut en sin in ons lewens te soek. Die Prediker skryf alles kan so gou tot niks kom en ’n gejaag na wind wees. Alles waarmee jy besig is, kan tot niks kom.

Dit is darem harde woorde wat die apostel Paulus in ons fokusgedeelte gebruik: geloof en nutteloos – in dieselfde sin? Paulus raak in 1 Korintiërs 15 die hart van ons geloof aan. Ons glo in die opstanding van die liggaam. Selfs deur die grense van die dood heen bly ek kind van God. Juis omdat Christus uit die dood opgewek is, is my geloof nie nutteloos nie.

- My geloof is nie nutteloos nie.
- My lewe is nie nutteloos nie.
- My sterwe is nie nutteloos nie.

Hy het lewe gebring waar dood was, Hy het die dood oorwin. Deur al die eeue heen is die mens magteloos teen die dood. Ons bely die opstanding van die liggaam en ’n ewige lewe. Daarsonder sou die dood die grens van ons bestaan wees.

In 1 Korintiërs 15 bevestig Paulus die feit dat die dood *nie* die grens van ons bestaan is nie. Ons geloof sou werklik geen sin gehad het as dit net oor hierdie lewe gegaan het nie, as daar geen opstanding in Christus was nie. As die dood nie oorwin is nie, dan sou ons darem maar ellendig en nutteloos wees. *Maar*, Christus is opgewek, ons is nie ellendig nie, ons lewe is nie nutteloos nie, verby die grense van die dood is ek kind van God.

*Sing: Psalm 18:3 (1936)*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)*